e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

3 Februarie 2011
Jaargang 4 – Uitgawe 1

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

'n Heilige algemene Christelike kerk

Verlede jaar gedurende November en Desember het ek die geleentheid gehad om 'n studietoer na die VSA met die oog op gemeentelike ontwikkeling mee te maak. Die toerleier was prof Malan Nel van die Sentrum vir Kontekstuele Bediening aan die Universiteit van Pretoria.

Tydens die goed beplande toer wat bykans vyf weke geduur het, het ons hoofsaaklik kerke binne die Gereformeerde tradisie besoek – van die ooskus tot die weskus van Amerika. Verder het ons ook megakerke en sogenaamde ontluikende kerke besoek. Ons het werksessies bygewoon wat aangebied is deur bekende navorsers op die gebied van homiletiek (preekkunde), missiologie, jeugbediening, pastoraat en gemeentebou.

Ons is aan gemeentes en kerke oor 'n wye spektrum blootgestel. Ons het kerke besoek wat sukkel om te oorleef en kerke wat uit hul nate bars. Ons het eredienste bygewoon in gemeentes met bykans dieselfde liturgie as die Hervormde Kerk, by kerke met 'n kontemporêre aanslag wat bygewoon word deur derduisende jongmense, glanskerke waar geld duidelik nie 'n probleem is nie, en kerke wat geldelik bitter swaar kry. Ons het byvoorbeeld in die buitewyke van Chicago 'n arm gemeentetjie besoek wat uitreik na nog armer mense in die gemeenskap.

My algemene indruk is dat ons ietwat bevooroordeel is teen die Amerikaners. Arrogansie en beterweterigheid het ons nêrens teëgekom nie. Dat daar grootdoenerige TV-evangeliste is met verdagte motiewe en powere teologie is weliswaar so, maar ons vind hulle ook in Suid-Afrika. Oral waar ons besoek afgelê het, was daar waardering vir ons insette en het van die sprekers dikwels opgemerk dat hulle ook by ons kan leer.

Dit wil tog vir my voorkom asof 9/11 en die ekonomiese resessie sedert 2009 'n temperende invloed op die gemiddelde Amerikaner uitgeoefen het. Hulle erken ruiterlik dat hulle nie al die antwoorde het nie en dat hulle in die verlede ook groot foute begaan het. Dr Brian D McLaren, skrywer, openbare teoloog en stigter van 'n niekonfessionele kerk in Baltimore, het byvoorbeeld opgemerk: *You must remember that this country was born out of a genocide and raised by slavery.*

Tans is die grootste uitdaging vir die Christendom in Amerika egter sekularisasie, verbruikersdruk en gewetenlose kapitalisme waar die rykes ryker word en die armes armer. 'n Verdere waarneming is dat die kerklike landskap in Amerika hoogs kompeterend is. Kerke en gemeentes wat nie aanpas by veranderende omstandighede nie, kwyn weg. Soos een spreker dit gestel het: *Die feit dat die kerk van Christus nou al vir 2 000 jaar bestaan, bied geen waarborg dat jou denominasie vir altyd sal bestaan nie.*

My gewaarwording was deurgaans dat kerke aansienlik minder na binne gerig is as ons. Bykans al die gemeentes daar het uitreikprogramme. Kerke is missionaal gerig en investeer in 'n gebroke wêreld. Dit sluit kerke binne die Gereformeerde tradisie in. Verder huiwer gemeentes nie om hande te vat om gemeenskaplike probleme en uitdagings die hoof te bied nie, selfs oor kerklike grense heen.

Die groot byvoordeel van die studietoer is dat dit 'n ekumeniese ervaring was wat my as Hervormer opnuut laat besef het wat dit beteken as ek Sondae bely: *Ek glo in een heilige algemene Christelike kerk.*

Ds Kobus Pienaar, Gemeente Kruin

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Chris Liebenberg Ds Gerhard Viviers

Beroep bedank

- **Ds Chris Liebenberg** van Warmbad na Windhoek
- **Ds Gerhard Viviers** van Laeveld na die Stella-kombinasie

Vakante standplase

- **Gemeente Eendracht**, in die ring van Trichardtsfontein, beskik oor 'n vakante **volsorgstandplaas**. Die gemeente bestaan uit 266 belydende lidmate, met baie jongmense. Eendracht is 'n tipiese plattelandse gemeente in 'n sterk boerderygemeenskap. Die dorp is 110 km vanaf Pretoria en 25 km vanaf Secunda. Goeie skole is gerieflik beskikbaar. Predikante wat sou belangstel om 'n beroep na die gemeente te aanvaar, kan 'n CV stuur na die konsulent, dr Robert Jones, by **rjjones@nhk.co.za** (083 300 1764), die voorsitter van die ouderlingevergadering, oudl Johan Barnard, by **barnardj@secunda.co.za** (082 945 7563), of die skriba, Annatjie van Vuuren, by **annatjie@biowaymulti.co.za** (083 407 6474). Die sperdatum is **28 Februarie 2011**. Die kerkraad kan kandidate van hul keuse nooi vir 'n onderhoud en preekgeleentheid, en behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

- **Gemeente Secunda** beskik oor 'n vakante **volsorgstandplaas**. Dit is 'n tweede standplaas; die ander volsorgstandplaas is tans gevul. Secunda is 'n groot plattelandse dorp wat rondom die SASOL-aanleg gesentreer is. Die gemeente bestaan uit 1 127 lidmate, waarvan 890 belydende lidmate is. 39% is jonger as 30 jaar; 26% 30 tot 50 jaar; 27% 50 tot 65 jaar; 7% ouer as 65. Die gemeente beleef tans sterk groei in die eerste twee groeperings. Die bedieningsplan fokus op die bediening van kinders en jongmense. Voorkeur en vaardighede in hierdie bedieningsterrein sal tot voordeel van kandidate wees. Aansoeke moet die gemeente **voor 4 Maart 2011** bereik. Predikante en proponente kan 'n CV aan die skriba stuur by **secunda@nhk.co.za**. Die kerkraad sal die kandidate van hul keuse nooi vir 'n preekgeleentheid en onderhoud, en behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Tony Simpson se moeder** is op Kersoggend oorlede. Sy was 93 jaar oud. Haar roudiens het vanuit Gemeente Westonaria plaasgevind.

- **Ds Kathleen Smith se vader** is Maandagoggend 31 Januarie na 'n lang siekbed oorlede. Die begrafnisdiens vir oom Buks vind plaas op Donderdag 3 Februarie om 13:00 vanuit Gemeente Parys.

- Voorbidding word gevra vir die **seun van mev Jeanette van der Schyff**, sekretariële beampte van Gemeente Brits. Hy was in 'n tref-en-trap-ongeluk en is in 'n koma in die Unitas-hospitaal.

- Die bakkie waarin **di Leslie Kern, Joseph Steÿn en twee ouderlinge** op 25 Januarie gery het, het omgeslaan en in 'n diep kuil water beland. Hulle was almal vasgemaak en het bykans verdrink. Hulle het geringe beserings opgedoen, maar dit gaan nou goed met hulle.

Di Joseph Steÿn en Leslie Kern

Ds Kálmán Papp

Ds Kobus Venter

Ds Tanya van Wyk

- **Prof Bart Oberholzer** vier op Sondag 6 Februarie sy 60ste jaar in die predikantsamp. Hy lei die erediens om 09:00 in Gemeente Wonderboom, sy tuisgemeente. Die Kerk deel in prof en mev Oberholzer se vreugde en dank die Heer vir die werk wat hulle in die Kerk kon doen.

- **Ds Kálmán Papp** het sy proefskrif suksesvol verdedig en sal sy doktorsgraad tydens die Universiteit van Pretoria se Herfs-promosieplegtigheid in April ontvang. Te midde van sy vader, ds Kálmán Papp (sr), se verswakte toestand, is ons saam met hom dankbaar dat sy ouers in sy vreugde kan deel.

- **Ds Kobus Venter** van Gemeente Bothaville is op 28 Januarie deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) uit sy amp onthef nadat hy besluit het om van lewenstaat te verander.

- **Ds Tanya van Wyk** is op 28 Januarie op haar versoek losgemaak van die deeltydse standplaas by Gemeente Alberton.

- **Die volgende predikante verjaar van 3 tot 11 Februarie**, en word hartlik geluk gewens.

  - Donderdag 3 Februarie: Di Tinus Mc Donald (siekte-emeritaat) en Almero Oosthuizen (Meyerton-Suid)
  - Sondag 6 Februarie: Di Andorette Hill-Jowett (siekte-emeritaat), Johan Holtzhausen (Orkney) en Sarel le Roux (Vanderbijlpark-Oos)
  - Dinsdag 8 Februarie: Ds Jakkals Janse van Rensburg (Paarl)
  - Woensdag 9 Februarie: Di Lydia Miller (buiteland), Freddie Nortjé (Bergsig) en Ferdie Nortjé (Outeniqua)
  - Donderdag 10 Februarie: Prof Schalk Botha (emeritus), di Dalene Lourens (Selcourt) en Jaco Vogel (Rooihuiskraal)
  - Vrydag 11 Februarie: Ds Marius Jansen van Vuren (Duncanville)

- **Die Kommissie van die AKV** het op 'n buitengewone vergadering op 28 Januarie die **beswaarskrif** van lidmate en ampsdraers oor die aanvaarding van Beskrywingspunt 54 tydens die 69ste AKV hanteer. Die Kommissie het besluit om advies in te win en sal die beswaarskrif behandel by hul werkwinkel op 4 en 5 Maart. 'n Antwoord op die beswaarskrif sal na die vergadering van 10 en 11 Maart gegee word. Die Moderamen voer op 18 Februarie met die komitee van die beswaardes gesprek.

Die finalejaar teologiestudente

- Die **finalejaar teologiestudente** is hierdie maand besig met praktiese afronding by die Sinodale Kerkkantoor. Hierdie finale **afrondingskursus vir die Diploma in Kerklike Bediening** vind plaas nadat die studente drie maande lank praktiese werk in gemeentes onder mentorskap van die plaaslike predikant verrig het. Die lesings handel onder meer oor gemeentelike vergaderingsprosedures, finansiële bestuur en administrasie, die NHSV, die Argief en Museum, die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, kerklike leierskap, en die vereistes vir predikante wat godsdienstige radio-uitsendings doen. Die proponentseksamen word in Maart afgelê, en die legitimasieplegtigheid is op 10 Maart in die kerkgebou van Gemeente Pretoria.

- Die amptelike **opening van die Hervormde Teologiese Kollege** (HTK) vind plaas op Woensdag 16 Februarie van 10:00 tot 12:00 in die kerkgebou van Gemeente Philadelphia. **Dr Wim Dreyer** lewer die openingsrede met die tema *Hervormde Ekklesiologie? Nadenke oor kerkwees in die 21ste eeu.*

- **Gemeente Belfast** se faksnommer het verander; dit is nou 086 626 4641 (faks na e-pos).

- Die **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante** (VTT) word op **7 en 8 Junie** en **8 en 9 November** aangebied. Die tema is *Toekoms, Kerk en waagmoed*. Die kursus, wat om 09:00 begin, word weer by Gemeente Villieria aangebied en die koste beloop R300 per persoon. Predikante wat die **VTT in Junie** wil bywoon, moet mev Betsie Brits **voor 23 Mei** per e-pos (**betsie.brits@up.ac.za**) of per faks (012 420 4303) in kennis stel. Die registrasiefooi moet verkieslik vooraf elektronies of per bankdeposito inbetaal word, in die volgende rekening: Kerkgeld vir Kerkwerk; ABSA; rekening nr 020 149 752; kode 63 20 05; verwysing 2013K VTT (gevolg deur die naam van die kursusganger).

  Die kursusgangers word genooi om **op 7 Junie om 18:00** 'n funksie by UP by te woon waartydens die **HTS Feesbundel** aan prof Andries van Aarde oorhandig sal word. By die geleentheid sal **Lina Spies** 'n lesing lewer oor haar *digkuns en om soeker te wees*; daarna sal daar 'n vingerete wees. Persone wat die funksie wil bywoon, moet mev Brits so gou moontlik by 012 420 5393 skakel, sodat die gastelys saamgestel kan word.

- Aansoeke word ingewag vir die pos van **Sekretaris van die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering** (ADV). Die persoon is gesetel by die Sinodale Kantoor van die Hervormde Kerk in Pretoria. Die suksesvolle kandidaat sal oor die volgende vaardighede beskik:
  - Meelewende lidmaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
  - Teologiese begronding of agtergrond van die etos van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
  - Ongeveer 5 jaar werkservaring.
  - Geldige rybewys.
  - Moet bereid wees om soms weg te werk, byvoorbeeld vir seminare, kongresse en vergaderings.
  - Moet ten volle tweetalig wees.
  - Moet met regeringsinstansies kan onderhandel.
  - Rekenaarvaardigheid in Microsoft Office.
  - Bewese bestuursvaardighede.

  'n Mededingende salarispakket word aangebied.

  Stuur 'n verkorte CV **voor 28 Februarie** aan Piet Beukes by **piet@nhk.co.za** of Susan Moore by **mannekrag@nhk.co.za**, of faks dit na 012 322 7909.

- Die **Reistas-toerustingspakket vir Dienswerkers** word weer vanjaar aangebied in die ring van Noordelike Pretoria. Dit is 'n moet vir almal wat betrokke is by barmhartigheidswerk. Die kursus word op **Vrydag 11** (vanaf 18:00) **en Saterdag 12 Februarie** (vanaf 08:00) by **Gemeente Oos-Moot**, Collinslaan 1265, Môregloed aangebied. Die koste is R110 per persoon (sluit in lesingstuk en verversings). Die bedrag is betaalbaar aan die Ringsdiakensvergadering (RDV) Noordelike Pretoria, ABSA, rekening 405 031 6934; die bedrag kan ook tydens registrasie betaal word. Bevestig asseblief **teen Maandag 7 Februarie** die aantal persone wat die kursus gaan bywoon. Kontak Daleen Smith by **dsmith@webmail.co.za** of 073 229 3814.

- Die **NHSV Hoofbestuur** herinner gemeentes daaraan dat die deurkollektes van **13 Februarie** aan die NHSV toegestaan word. Vanjaar sal die fondse uitsluitlik vir beurse en lenings aangewend word.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan nog **tot April** vanjaar by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

- **Gemeente Wonderboompoort** beskik oor **studenteblyplek in Eloffsdal**, Pretoria. Kamers met gesamentlike badkamer teen R900 per persoon wat deel, R1 500 per enkeling. Kamers met en suite badkamer en stoorkamer teen R1 200 per persoon wat deel, R2 000 per enkeling. Water en ligte en veilige parkering is ingesluit. Dit is op 'n busroete, 5 km vanaf Kerkplein, 2 km van die Eugene Marais-hospitaal, naby die universiteite. Kontak Johan by 082 212 2137.

- In die voetspore van die eerste Christene: **Toer na Egipte en Turkye** van **20 April tot 4 Mei 2011** onder leiding van **ds Martin Slabbert**. Besoek die webwerf by **www.indievoetspore.co.za**, of kontak ds Slabbert by 082 655 4787.

Spesiale eredienste

- Op Sondag 13 Maart bring **ds Jan-Harm Barkhuizen** van die Werkgroep vir Gestremdes 'n besoek aan **Gemeente Sasolburg**. 'n **Erediens in gebaretaal** word aangebied met visuele hulpmiddels (gebare en 'n DVD van die Liedboek). Kontak Bernette van Straaten by 016 976 4903 of 082 445 6732. Die erediens begin om 09:00. Ds Barkhuizen is predikant in Gemeente Weskus, en kan gekontak word by 073 217 6929 of **harm@nhk.co.za**.

Konserte

- **Saterdag 19 Februarie: Gemeente Bothaville: Lapafees**
  Met Rudi en Corlea
  Kontak Doutie by 056 515 2673

- **Saterdag 12 Maart om 19:00: Gemeente Johannesburg-Wes**
  Orreluitvoering
  Op 3-manuaal Ganser-orrel met 1 400 sprekende pype
  Orrelis Marten van Wyk en soliste
  R50 vir volwassenes, kinders onder 10 gratis
  Kerkgebou naby Westdene-dam, in Tenbystraat, agter stadion van UJ
  Verversings na die uitvoering
  Skakel Paul Bester by 083 241 5002

- **Saterdag 19 Maart om 13:00: Gemeente Noordrand**
  Gasspreker en kunstenaar Susan Coetzer en Philip Moolman
  Tema: *Soetgoed vir die gesin*
  Kaartjies R70 per persoon (sluit verversings in)
  Kontak Anette Coetzee van die NHSV by 084 500 3989

- **Woensdag 30 Maart om 19:00: Gemeente Klerksdorp**
  Juanita du Plessis
  In die Ouditorium
  Kaartjies R90 per persoon
  Bespreek by Music Addiction in Flamwood Walk (018 464 2280)

- **Vrydag 16 September: Gemeente Klerksdorp-Wilkoppies: Kurt Darren**
  Vanaf 19:00 by die rugbyveld van Wesvalia-skool
  Eerste 250 kaartjies naby verhoog R100 elk; res R80 elk
  Kaartjies by Maranata-grasdakke, Vleistraat 50
  Kontak 018 468 3769 of 083 449 9907, of George Foley by 083 750 0699

Kompetisies

- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Wen 'n boerdery**
  Gemeentes koop pakket(te) teen R5 000 elk
  Pakket bestaan uit 50 boekies met 11 kaartjies elk teen R100 per kaartjie

10 kaartjies word verkoop teen R100 stuk
11de kaartjie geskenk aan persoon wat boekie verkoop
U gemeente kan dus R50 000 insamel
1ste prys: 10 verse + 1 bul of R45 000 kontant
2de prys: 10 ooie + 1 ram of R10 000 kontant
3de prys: 1 week vakansie aan Natalse Suidkus
4de prys: 1 slagos of R4 000 kontant
5de prys: 1 slagskaap of R1 000 kontant
Sluitingsdatum **4 April**, trekking **8 Mei**
Kontak Barry of Martie Pretorius by 018 431 0331 of 082 572 2124
of Piet of Babsie Ferreira by 018 431 0685
of ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

Basaars en markte

- **Saterdag 7 Mei: Gemeente Delareyville: Genl Delareyfees**
  Goewermentstraat 31, Delareyville
  Met Bobby van Jaarsveld
  Toegang gratis
  Kompetisie R100 per kaartjie
  1ste prys bul en 10 topverse; 2de prys 5 topverse; 3de prys bootvaart na Portugese Eilande
  Kontak Ben van der Ryst by 082 372 7035 of Attie Hattingh by 082 770 6862

- **Saterdag 4 Junie vanaf 09:00: Gemeente Kathu: Kameeldoring-karnaval**
  Met Kurt Darren
  Kompetisie R100 per kaartjie
  1ste prys: 7-voet Venter-waentjie
  2de prys: Dubbeldeur yskas-vrieskas-kombinasie
  3de prys: Patio-gasbraaier
  4de prys: Sony Playstation 3
  5de prys: Potspeltafel
  Kontak Rita Kern by 083 328 4465, Buna Schmulling by 082 463 8367
  of ds Joseph Steÿn by 084 502 4829

ANDER NUUS

Prof Natie van Wyk by die AIM-opening



- Die **Raad vir Pastoraat en Presbiteraat** vergader op Donderdag 3 Februarie met dr Hennie van Deventer as sameroeper. Die Raad sal konstitueer en dadelik met hul werksaamhede begin.

- Lede van die **Raad vir Regsadvies** en die redaksies van die ***Almanak*** **en** ***Bybelse Dagboek*** moet kennis neem van die eerste vergaderings vanjaar, op Maandag 14 Februarie. Die redaksies vergader om 14:00 en die Raad om 17:00.

- Die **opening van die Afrika Instituut vir Missiologie** (AIM) het op Dinsdag 1 Februarie onder leiding van prof Natie van Wyk plaasgevind. Agt studente het by die geleentheid toekennings ontvang vir puik prestasies. Daar is vanjaar drie nuwe eerstejaarstudente.

- Gedurende April vanjaar vier ***Konteks*** **sy 21ste verjaardag**. 'n Pragbylae sal in die April 2011-uitgawe verskyn, met artikels van talle van die oorspronklike medewerkers. Gemeentes, kerkrade, lidmate en ander lesers word genooi om **voor 14 Februarie** gelukwensingsboodskappe van uiters 75 woorde te stuur aan die redakteur, dr Wian Kloppers, by **konteks@nhk.co.za**. Die boodskappe sal sover moontlik in die betrokke bylae gepubliseer word.

- Die **volgende vergaderings** vind tot 12 Februarie plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

- Donderdag 3 Februarie: Raad vir Pastoraat en Presbiteraat
- Vrydag 4 Februarie: Predikantepensioenfonds en Personeelpensioenfonds
- Maandag 7 Februarie: Raad vir Erediens
- Dinsdag 8 Februarie: NHSV Beurs- en Leningskommissie
- Woensdag 9 Februarie: Bejaardesorg
- Vrydag 11 Februarie: Taakspan; Diakenstoerusting
- Saterdag 12 Februarie: Komitee vir Ouderlinge

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (uiters 100 woorde) stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Hoekom voel dit asof die groot gemeentes net omgee vir jou maandelikse bydrae en nie vir die gemeentelid self nie? Is die rede hoekom ons getalle minder word en die charismatiese kerke s'n meer omdat daar 'n gevoel van omgee is?"

Anina Ras

"Week na week word die voorblad gewy aan die AKV se uitlatings oor apartheid. Dit blyk nou dat wat gesê is nie bedoel is nie. As daar soveel tyd bestee word om vir die Kerk te verduidelik wat eintlik gesê en bedoel is, weet ek nie hoeveel die wêreld daarvan verstaan nie.

Die herhaaldelike oproep tot kalmte wys dat 'n reuseprobleem geskep is. Die uitlatings kan nie verdwyn, goedgepraat of herroep word nie, al probeer nog hoeveel AKV-lede die saak in perspektief stel.

Ek dink nie ons kan anders as om 'n gevoel van leegheid en verwerping te ervaar nie." *(Brief verkort)*

Piet van Staden, Denel, Pretoria

ADVERTENSIES

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.** Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

DELTA C BEDIENING
Delta C is 'n Christelike toneelgroep wat God se Woord deur toneel verkondig
Ons bedien as 'n roeping en dit is ook ons uitgangspunt
Nuut op die planke in 2011
Liefde wat heel
Optredes
Ons tree op by alle kerke, tuistes vir bejaardes, skole en ander organisasies
Om te bespreek vir optredes of vir meer inligting oor Delta C Toneel,
kontak Pieter Schreiber by 082 332 4252 of **admin@deltac.co.za**
Besoek ook die webwerf **www.deltac.co.za**
Delta C is ook op Facebook

AGTERBLAD

Nuwe Liedere 1

Die bundel ***Nuwe Liedere 1*** met 29 nuwe liedere word uitgegee deur die Instituut vir Kerkmusiek in Suid-Afrika (IKSA). Gemeentes kan bestellings namens hul lidmate plaas by **kerkmusiek@nhk.co.za** of **konteks@nhk.co.za**.

- Gedrukte boekies: R15 elk, R10 elk vir bestellings van 100 of meer
- Begeleiersboek vir orrelis (A4-formaat, geringbind vir praktiese gebruik by orrel): R35
- CD vir elektroniese projektering: R30

Posgeld en verpakking word bygevoeg na gelang van grootte van die posstuk. Slegs betaalde bestellings word uitgevoer.

Daar is ook 'n drukkersvriendelike weergawe (sonder foto's) van hierdie nuusbrief beskikbaar, wat vandeesweek 227 kilogrepe groot is. Vind die drukkersvriendelike weergawe by **www.hervormer.co.za**, of stuur 'n versoek na **karen@nhk.co.za** om dit weekliks te ontvang.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx